LYNNWOOD GEMEENTE

Posbus 36430 Menlopark 0102
Tel (012) 348 1245
E-pos kerkkantoor@nglynnwood.co.za

Januarie 2024

Beste Katkisant

BELYDENISAFLEGGING - 2024

Ons wil graag in NG Lynnwood vir jou die geleentheid skep om belydenis te kan aflê.

'n Jongmens voltooi gewoonlik in Gr 11 sy/haar belydenisjaar. Dit sluit die kamp, klasse en mentorskapprogram in. Wanneer die jongmens dan gereed voel om die keuse te maak om belydenis af te lê, kan dit gedoen word.

Vir elke belydenisafleggingsgeleentheid is daar 'n sluitingsdatum waarteen 'n jongmens kan aansoek doen om by daardie geleentheid belydenis van geloof af te lê. Vir die aansoek moet die volgende ingehandig word:

1. **'n Aansoekvorm met persoonlike besonderhede.**
2. **'n Aansoekbrief waarin die jongmens motiveer hoekom sy/hy graag belydenis wil aflê.**
3. **'n Kort verslag van die mentor oor die jaar se mentorverhouding.**
4. **'n Doopseël, indien dit nie reeds by NG Lynnwood is nie, of die naam van die gemeente waar die jongmens se doopseël is.**

Belydenisaflegging in 2024

- 18 Februarie 2024 (sluitingsdatum 28 Januarie 2024)
- 19 Mei 2024 (sluitingsdatum 21 April 2024)
- 25 Augustus 2024 (sluitingsdatum 4 Augustus 2024)

Alle korrespondensie en aansoeke vir belydenisaflegging word deur die kerkkantoor ontvang en hanteer.

Wat moet ek doen om Belydenis te kan aflê?

1. Bid en dink ernstig daaroor of jy by die punt in jou geestelike lewe gekom het om jou geloof in God voor die gemeente te verklaar, en of jy graag 'n *'commitment'* wil maak om 'n aktiewe lidmaat van die gemeente te wees. Die gemeente gee jou die geleentheid om jou besluit deeglik te oorweeg, sodat jy met integriteit kan optree.. Dit bly jou keuse!

2. Nadat jy besluit het wanneer jy belydenis wil aflê, moet jy asseblief jou aansoek voor die betrokke sluitingsdatum inhandig. Let asseblief daarop dat aansoeke wat ná die sluitingsdatum ingehandig word, eers by die volgende geleentheid hanteer sal word.

3. Om aansoek te doen moet jy:
    a. Die vorm voltooi wat hierby aangeheg is;
    b. 'n Aansoekbrief skryf waarin jy:

        i. verklaar wat jou persoonlike geloofsoortuiging is;
        ii. motiveer waarom jy lidmaat van die Ned Geref Gemeente Lynnwood wil word;
        iii. vermeld op watter manier jy reeds in die gemeente betrokke is of betrokke sal wil raak.

    c. Seker maak jou mentor se verslae vir die jaar is in.
    d. 'n Afspraak met jou mentor maak vir 'n finale gesprek oor jou keuse om belydenis af te lê.
    e. By jou betrokke dominee uitkom vir 'n kuier as jy nog nie het nie, hy/sy moet die aansoekvorm teken.

Mag die Here Jesus jou die insig en genade gee in jou besluit!

DS JEANRI BEZUIDENHOUT
074 893 2836

***Aansoekvorm volg op volgende bladsy.**

LYNNWOOD GEMEENTE

GEGEWENS TOV VOORNEMENDE BELYDENDE LIDMATE

1 VAN _____

2 DOOPNAME _____

3 NOEMNAAM _____

4 GEBOORTEDATUM ____ / ____ / ____

5 Gemeente waar gedoop/of waar die doopseël is _____

Skakel die kerkkantoor (012 348-1245) om uit te vind of jou doopseël by NG Lynnwood is. Indien nie, sal dit aangevra word.

6 WOONADRES: _____

_____

_____

POSADRES _____

_____

Telefoon: _____ Huis _____ Sel No

E-pos _____

geteken _____ datum _____ / _____ / _____

BELANGRIK:
Hierdie vorm moet saam met jou aansoekbrief teen die sluitingsdatum by die kerkkantoor ingehandig word.

MOET DEUR DIE PREDIKANT INGEVUL WORD:

Hiermee gee ek toestemming dat ..... belydenis van geloof mag aflê.

geteken _____ datum _____ / _____ / _____

VERSLAG VAN MENTOR: GESPREK OOR BELYDENISAFLEGGING

Naam van Mentor: _____

Naam van Gr 11 Katkisant: _____

Datum van hierdie gesprek: _____

Ek kan daarvan getuig dat ek en hierdie jongmens 'n redelike goeie verhouding opgebou het deur die loop van die jaar in ons mentorskapverhouding:

JA ☐ NEE ☐

Motiveer:

_____

_____

Ons het 'n spesiale gesprek gevoer oor die jongmens se gereedheid en keuse om belydenis af te lê:

Ek beveel aan dat hy/sy belydenis kan aflê: JA ☐ Nee ☐

Motiveer:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ _____ / _____ / _____

Handtekening: Mentor